Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier
Nuusbrief Donderdag 3 September 2020

Gedagte van die week:
Christene se lewe is die wêreld se Bybel – en sommige van dié uitgawes het hersiening nodig. (Dwight Moody; 1837-1899)

Vertrekpunt:
Matteus 18:15-20

Meditasie uit die teks:
Ek onthou dat op 'n Sondag, toe ek nog 'n student was, ek 'n ouer dominee wat ek goed geken het in 'n kafee raakgeloop het. Terwyl ons gesels tel een van sy ouderlinge, wat ook in die kafee was, 'n Rapportkoerant op. Dit was tydens die dae toe sondagkoerante volgens die kerk sonde was. Die dominee het in 'n spontane gebaar sy oë toegedruk en met 'n "smile" gesê: "Ek het niks gesien nie!" Ek wonder hoekom ek dit vandag nog, 37 of 38 jare later, onthou. As jy dan regtig glo dat die lees van 'n sondagkoerant tot iemand se nadeel is, hoekom keer jy hom nie. Gaan jy jou oë toedruk wanneer iemand oor die pad stap voor aankomende verkeer en ook met 'n "smile" sê dat jy niks gesien het nie? Jesus praat in Matteus 18 van mense wat met oop oë leef sodat hulle in liefde kan keer wanneer 'n broer en suster homself of haarself benadeel. Hierdie soort lewe vra dapper liefde, want daar is die risiko dat die broer of suster jou liefde kan verwar met inmenging in hulle privaat lewe. Daar is die risiko dat hulle nie na jou liefde gaan luister nie en dit nie gaan waardeer nie. So in hierdie teks word ek opgeroep tot dapper liefde, maar ek word ook opgeroep tot dapper luister … want ek kan nie altyd net aan die gee-kant van vermaning wees nie, soms is ek ook aan die ontvangkant van vermaning. So ek het gedink: **Ek hou van 'n vriend wat sien wat ek doen, ek hou van 'n vriend wat hoor wat ek sê, ek hou van 'n vriend wat dapper genoeg, sal sê wat hy dink, en my help voor ek val!**

Youtubeskakel:
Hier is jou skakel na Sondag September 2020 se reisgesprek. Jy is welkom.
https://youtu.be/EUmcxkSngkc

Meditasie uit die lewe:
Ek het dit al voorheen beleef en in hierdie afgelope tyd weer beleef: huweliksterapie is seker die moeilikste terapie wat daar is. In huweliksterapie se eerste gesprek hoor 'n mens gewoonlik net klaagliedere oor mekaar waarin die een se foute deur die ander een uitgewys word. Die enigste verwagting wat die een het is dat die ander een moet verander. Min mense is bereid om aandag te gee aan die vrae. "Wat is my aandeel aan ons verhoudingspyn?" en "Hoe kan ek dit beter maak?" Die meeste mense is kenners van ander se tekortkominge. Die meeste mans weet presies wat hulle vrouens verkeerd doen en die meeste vrouens weet presies wat hulle mans verkeerd doen. En dit help alles niks. Hierdie kennis neem ons nie uit die gat van pyn nie, maar begrawe ons net dieper in die gat van pyn. Jy sien, as 'n mens net bewus is van die effek wat die ander een op jou het, maar jy is onbewus van die effek wat jy op die ander een het, dan is jy in 'n verhouding wat onkeerbaar afwaarts gaan loop. So hier en daar kry jy die verrassende een wat sê: "Dit is ek ..." Dan ruik ek hoop!

Uitnodiging van die leraars

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers. Jy is ook welkom om enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming insluit by die nuusbrief.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of **jjn1@telkomsa.net**